Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette

## Extraordinary

## Buitengewone Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(REGULATION GAZETTE No. 79) (REGULASIEKOERANT No. 79)

VOL. IV.] PRICE 5c. PRETORIA, 27 APRIL 27 APRIL 1962. PRYS 5c. [No. 229.

## PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. R. 90, 1962.]

AMENDMENT TO THE SECOND SCHEDULE OF THE WORKMEN'S COMPENSATION ACT, 1941 (ACT No. 30 OF 1941), AS AMENDED.

Under the powers vested in me by sub-section (2) of section *ninety-four* of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), as amended, I hereby declare that, as from the date of publication hereof, the Second Schedule to the said Act shall be amended:—

1. (*a*) By the substitution for the words " Benzene, poisoning by " in the first column of the Schedule of the words " Poisoning by benzene or its homologues and their nitro and amino derivatives and its sequelae ".

(*b*) By the substitution for the existing description of the corresponding occupation in the second column of the Schedule of the following description:—

" Any work involving the production or use of or contact with benzene or its homologues or their nitro and amino derivatives. "

2. (*a*) By the insertion after the word " radium " in the first column of the Schedule of the words " and other radioactive substances ".

(*b*) By the substitution for the existing description of the corresponding occupation in the second column of the Schedule of the following description:—

" Any work involving the use or exposure to the action of radium or other radioactive substances or X-rays. "

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twelfth day of April, One thousand Nine hundred and Sixty-two.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

A. E. TROLLIP.

## PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. R. 90, 1962.]

WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE VAN DIE ONGEVALLEWET, 1941 (WET No. 30 VAN 1941), SOOS GEWYSIG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (2) van artikel *vier-en-negentig* van die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), soos gewysig, verklaar ek hierby dat, met ingang van die datum van publikasie hiervan, die Tweede Bylae van die genoemde Wet gewysig word:—

1. (*a*) Deur die woorde „ Bensien, vergiftiging deur " in die eerste kolom van die Bylae te vervang met die woorde „ Vergiftiging deur bensien of sy homoloë en hul nitro- en aminoderivate en die gevolge daarvan ".

(*b*) Deur die bestaande omskrywing van die ooreenstemmende werksaamheid in die tweede kolom van die Bylae te vervang met die volgende omskrywing:—

„ Enige werk waarby die vervaardiging of gebruik van of aanraking met bensien of sy homoloë of hul nitro- en aminoderivate inbegrepe is. "

2. (*a*) Deur die woorde „ en ander radio-aktiewe stowwe " na die woord „ radium " in die eerste kolom van die Bylae in te voeg.

(*b*) Deur die bestaande omskrywing van die ooreenstemmende werksaamheid in die tweede kolom van die Bylae te vervang met die volgende omskrywing:—

„ Enige werk waarby die gebruik of blootstelling aan die uitstraling van radium of ander radio-aktiewe stowwe of X-strale inbegrepe eis. "

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Twaalfde dag van April Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

A. E. TROLLIP.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# GOVERNMENT NOTICES.

## DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 616.] [27 April 1962.

CUSTOMS ACT, No. 55 OF 1955.—ADMISSION OF CERTAIN ARTICLES AT REDUCED RATES OF DUTY (RD/1).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by item 224 (*a*) of the First Schedule to the Customs Act, 1955, hereby—

(1) approve the undermentioned preparation as being of recognised value in the prevention or treatment of tuberculosis and therefore admissible under item 224 (*a*) of the Customs Tariff: —

Thiacetazone (p-acetamidobenzaldehyde thiosemicarbazone);

(2) amend Government Notice No. R. 1002 of the 17th November, 1961, by the insertion, in sub-paragraph (i) of paragraph 5, after the word "Tebetren" of the words, "Thiacetazone (p-acetamidobenzaldehyde thiosemicarbazone)".

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

NOTE.—The effect of this notice is that, as from the date of publication hereof, Thiacetazone (p-acetamidobenzaldehyde thiosemicarbazone) may on importation be admitted free of duty.

No. R. 617.] [27 April 1962.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE REGULATIONS (No. MR/3).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *one hundred and sixty-six* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby amend paragraph 105 of Government Notice No. R. 1001 of 17th November, 1961, by substituting for the year "1957" after the words "Dairy Industry Act," the year "1961".

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

NOTE.—The effect of this notice is to indicate that the Dairy Industry Act of 1961 is meant.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. R. 655.] [27 April 1962.

CORRECTION NOTICE.

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF ONIONS.

The Regulations Relating to the Grading, Packing and Marking of Onions, as promulgated in Government Notice No. R. 430 of 16th March, 1962, is hereby corrected by the substitution immediately after the end of sub-regulation (2) of regulation 2 for the symbol "(3)" of the symbol "3.".

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

## DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. R. 616.] [27 April 1962.

DOEANEWET No. 55 VAN 1955.—TOELATING VAN SEKERE GOEDERE TEEN VERLAAGDE REG (RD/1).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by item 224 (a) van die Eerste Bylae van die Doeanewet, 1955—

(1) keur hierby die ondervermelde preparaat goed as van erkende waarde by die voorkoming of behandeling van tuberkulose en derhalwe toelaatbaar kragtens item 224 (*a*) van die Doeanetarief: —

Tiasetasoon (p-asetamidobensaldehied-tiosemikarbasoon);

(2) wysig hierby Goewermentskennisgewing No. R. 1002 van 17 November 1961 deur in subparagraaf (i) van paragraaf 5, na die woord „Tebetren", die woorde „Tiasetasoon (p-asetamidobensaldehied-tiosemikarbasoon)" in te voeg.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat Tiasetasoon (p-asetamidobensaldehied-tiosemikarbasoon) by invoer, met ingang van die datum van publikasie hiervan, vry van reg toegelaat word.

No. R. 617.] [27 April 1962.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE REGULASIES (No. MR/3.)

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *honderd ses-en-sestig* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, wysig hierby paragraaf 105 van Goewermentskennisgewing No. R. 1001 van 17 November 1961 deur die jaartal "1957" na die woorde "Wet op die Suiwelnywerheid," te vervang deur die jaartal "1961".

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat aangedui word dat die Wet op die Suiwelnywerheid van 1961 bedoel word.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN BEMARKING.

No. R. 655.] [27 April 1962.

VERBETERINGSKENNISGEWING.

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN UIE.

Die Regulasies met Betrekking tot die Gradering, Verpakking en Merk van Uie, soos afgekondig in Goewermentskennisgewing No. R. 430 van 16 Maart 1962, word hierby verbeter deur onmiddellik na die einde van subregulasie (2) van regulasie 2, die simbool "(3)" deur die simbool "3." te vervang.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

No. R. 654.] [27 April 1962.

### LIMITS OF INTERFERENCE TO RADIO COMMUNICATION.

Published by the Postmaster-General in terms of Part 13 of the Radio Regulations.

(*Replaces regulations published in* Government Gazette *Notices No.* 2561 *of* 30*th December*, 1955, *and No.* 557 *of* 14*th April*, 1961.)

1. For the purpose of these limits: —

(*a*) *Distribution System* shall mean any system for conveying electrical energy from one place to another.

(*b*) *Noise Voltage at the Terminals* shall mean the noise voltage measured at the point where the apparatus is connected to the distribution system. Limits for the noise voltage at the terminals only apply where the declared distribution voltage is not greater than 750 volts between conductors or not greater than 375 volts between one conductor and earth.

2. *Measuring Equipment*.—The equipment to be used for the measurement of interference to radio communication shall be manufactured in accordance with C.I.S.P.R.(1) specifications contained in C.I.S.P.R. Publication No. 1 (for frequencies 150 to 30,000 kc/s) and C.I.S.P.R. Publication No. 2 (for frequencies 24 to 300 mc/s), or any subsequent amendments thereof or additions thereto.

3. *Limits of Interference*.—Table I shows the limits of interference which shall not be exceeded for the classes of equipment and systems listed hereunder. Where no limits are specified these limits have not yet been determined.

(*a*) (i) Equipment, not covered by the classes below, which is designed for connection at its terminals to a distribution system having a declared voltage between conductors not greater than 750 volts or a declared voltage between any one conductor and earth not greater than 375 volts.

(ii) Equipment, not covered by the classes below which is designed for connection at its terminals to a distribution system having a declared voltage between conductors greater than 750 volts, but not exceeding 15,000 volts or a declared voltage between any one conductor and earth greater than 375 volts, but not exceeding 15,000 volts.

(iii) Equipment, not covered by the classes below, which is designed for connection at its terminals to a distribution system having a declared voltage between conductors or between any one conductor and earth exceeding 15,000 volts.

(*b*) Equipment, not covered by the classes below, which is not connected to a distribution system (e.g. battery-operated equipment).

(*c*) Motor vehicles and internal combustion engines.

(*d*) Equipment intended for the generation of radio-frequency energy for industrial, scientific and medical purposes.

(*e*) (i) Local oscillator radiation from Very High Frequency (V.H.F.) Frequency Modulation (F.M.) receivers for broadcast reception in the band 87.5 to 108 mc/s.

(ii) Local oscillator radiation from all receivers not covered by (*e*) (i).

## DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE.

No. R. 654.] [27 April 1962.

### RADIOKOMMUNIKASIESTEURINGSGRENSE.

Gepubliseer deur die Posmeester-generaal ooreenkomstig Deel 13 van die Radioregulasies.

(*Vervang regulasies wat in* Staatskoerantkennisgewings *No.* 2561 *van* 30 *Desember* 1955 *en No.* 557 *van* 14 *April* 1961 *gepubliseer is.*)

1. Vir die toepassing van hierdie grense beteken: —

(*a*) *Distribusiestelsel*, enige stelsel vir die geleiding van elektriese energie van die een plek na 'n ander.

(*b*) *Ruisspanning by die eindpunte*, die ruisspanning gemeet by die punt waar die apparaat aan die die distribusiestelsel gekoppel is. Grense vir die ruisspanning by die eindpunte geld alleenlik waar die verklaarde distribusiespanning nie hoër as 750 volt tussen geleiers of nie hoër as 375 volt tussen een geleier en grond is nie.

2. *Meetuitrusting*.—Die uitrusting wat gebruik sal word om steurings aan radiokommunikasie te meet, moet vervaardig wees ooreenkomstig C.I.S.P.R.(1)-spesifikasies soos vervat in C.I.S.P.R.-publikasie No. 1 (vir frekwensies 150 tot 30,000 khz) en C.I.S.P.R.-publikasie No. 2 (vir frekwensies 24 tot 300 mhz) of enige daaropvolgende wysigings of byvoegings daartoe.

3. *Steuringsgrense*.—Tabel I dui aan die steuringsgrense wat nie oorskry mag word nie vir die klasse uitrusting en stelsels hieronder genoem. Waar geen grense gespesifiseer is nie, beteken dit dat grense nog nie vasgestel is nie.

(*a*) (i) Uitrusting wat nie deur ondergenoemde klasse gedek word nie en wat ontwerp is om by die eindpunte gekoppel te word aan 'n distribusiestelsel met 'n verklaarde spanning tussen geleiers nie hoër as 750 volt nie of 'n verklaarde spanning tussen enigeen van die geleiers en grond nie hoër as 375 volt nie.

(ii) Uitrusting wat nie deur ondergenoemde klasse gedek word nie en wat ontwerp is om by die eindpunte gekoppel te word aan 'n distribusiestelsel met 'n verklaarde spanning tussen geleiers hoër as 750 volt, maar wat nie 15,000 volt oorskry nie of 'n verklaarde spanning tussen enigeen van die geleiers en grond hoër as 375 volt maar nie hoër as 15,000 volt nie.

(iii) Uitrusting wat nie deur ondergenoemde klasse gedek word nie en wat ontwerp is om by die eindpunte gekoppel te word aan 'n distribusiestelsel met 'n verklaarde spanning tussen geleiers of tussen enigeen van die geleiers en grond, hoër as 15,000 volt.

(*b*) Uitrusting wat nie deur ondergenoemde klasse gedek word nie en wat nie aan 'n distribusiestelsel gekoppel is nie (bv. uitrusting wat van 'n battery af werk).

(*c*) Motorvoertuie en binnebrandmotore.

(*d*) Uitrusting bedoel vir die opwekking van radiofrekwensie-energie vir industriële, wetenskaplike en geneeskundige doeleindes.

(*e*) (i) Plaaslike ossillatoruitstraling van Baie Hoë Frekwensie (B.H.F.) Frekwensiemodulasie (F.M.)-ontvangtoestelle vir uitsaaiontvangs in die band 87.5 tot 108 mhz.

(ii) Plaaslike ossillatoruitstraling van alle ontvangtoestelle wat nie in (*e*) (i) gedek is nie.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*f*) Electrical traction systems:—

(i) Trolley buses, tramways.

(ii) Other traction systems.

(*g*) (i) Distribution systems having a declared voltage between conductors not greater than 750 volts or a declared voltage between any one conductor and earth not greater than 375 volts.

(ii) Distribution systems having a declared voltage between conductors greater than 750 volts, but not exceeding 15,000 volts or a declared voltage between any one conductor and earth greater than 375 volts, but not exceeding 15,000 volts.

(iii) Distribution systems having a declared voltage between conductors or between any one conductor and earth exceeding 15,000 volts.

(*f*) Elektriese traksiestelsels:—

(i) Elektriese busse, tremweë.

(ii) Ander traksiestelsels.

(*g*) (i) Distribusiestelsels met 'n verklaarde spanning tussen geleiers nie hoër as 750 volt nie of 'n verklaarde spanning tussen enigeen van die geleiers en grond nie hoër as 375 volt nie.

(ii) Distribusiestelsels met 'n verklaarde spanning tussen geleiers hoër as 750 volt maar wat nie 15,000 volt oorskry nie of 'n verklaarde spanning tussen enigeen van die geleiers en grond hoër as 375 volt maar wat nie 15,000 volt oorskry nie.

(iii) Distribusiestelsels met 'n verklaarde spanning tussen geleiers of tussen enigeen van die geleiers en grond hoër as 15,000 volt.

TABLE I.([2])

| 1. Classes of Equipment. | 2. Frequency Range. | 3. Noise Voltage at Terminals. | 4. Interfering Signal Voltage at Mains Terminals. | 5. Interfering Signal Voltage at Aerial Terminals. | 6. Radiated Interfering Field at "d" Metres. | 7. Measuring Distance "d" Metres. | 8. Method of Measurement. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (*a*) | | | | | | | |
| (i) | 150–30,000 kc/s............ | 1,500 μV | — | — | 100 μV/M | 10 | B.S.S. 800/1954. |
| | | 500 μV | — | — | 50 μV/M | 10 | |
| (ii) | Not specified.............. | — | — | — | — | — | — |
| (iii) | Not specified.............. | — | — | — | — | — | — |
| (*b*) | 150–30,000 kc/s............ | — | — | — | 100 μV/M | 10 | B.S.S. 800/1954. |
| | 30–300 mc/s............ | — | — | — | 50 μV/M | 10 | |
| (*c*) | 150–30,000 kc/s............ | — | — | — | 100 μV/M | 10 | B.S.S. 833/1953. |
| | 30–300 mc/s............ | — | — | — | 50 μV/M | 10 | |
| (*d*) | | | | | | | |
| (i) | 13·56 mc/s ±0·05%......... | I.S.M. radiations in these bands are not subject to control. | | | | | |
| | 27·12 mc/s ±0·6%......... | | | | | | |
| | 40·68 mc/s ±0·05%......... | | | | | | |
| (ii) | Harmonics of the above-mentioned I.S.M. frequencies.... | — | — | — | 225 μV/M | 100 | See Note ([6]) |
| (iii) | All frequencies other than in (*d*) (i) and (*d*) (ii)— | | | | | | See Note ([6]) |
| | 150–1,605 kc/s......... | — | — | — | 90 μV/M | 100 | |
| | 1,605–30,000 kc/s......... | — | — | — | 45 μV/M | 100 | |
| | 30–300 mc/s......... | — | — | — | 45 μV/M | 100 | |
| (*e*) | | | | | | | |
| (i) | 75–108 mc/s............ | — | — | — | ([3]) 3,000 μV/M | 3 | S.A.B.S. 078/1961. |
| | 108–132 mc/s............ | — | — | — | ([4]) 600 μV/M | 3 | |
| | 132–300 mc/s............ | — | — | — | ([5]) 600 μV/M | 3 | |
| (ii) | 150–1,605 kc/s............ | — | 1,500 μV | 30mV | — | — | S.A.B.S. 078/1961. |
| | 1,605–30,000 kc/s............ | — | 1,500 μV | 300 mV | — | — | |
| | 30–108 mc/s............ | — | — | — | 300 μV/M | 3 | |
| | 108–132 mc/s............ | — | — | — | 100 μV/M | 3 | |
| | 132–300 mc/s............ | — | — | — | 300 μV/M | 3 | |
| (*f*) | | | | | | | |
| (i) | 105–1,605 kc/s............ | — | — | — | 100 μV/M | 10 | B.S.S. 827/1939. |
| (ii) | Not specified. | | | | | | |
| (*g*) | | | | | | | |
| (i) | 150–30,000 kc/s............ | — | — | — | 200 μV/M | Under route | — |
| | 30–300 mc/s............ | — | — | — | 100 μV/M | | |
| (ii) | Not specified. | | | | | | |
| (iii) | Not specified. | | | | | | |

NOTES.

([1]) Key to abbreviations:—

C.I.S.P.R. stands for: International Special Committee on Radio Interference. The C.I.S.P.R. functions within the framework of the International Electrotechnical Commission (I.E.C.).

B.S.S.—British Standard Specifications.

S.A.B.S.—South African Bureau of Standards.

([2]) It is the intention to add to and revise this table from time to time to conform to internationally accepted limits where possible.

([3]) To be reduced to 1000 μV/M after 31 December, 1962, subject to review.

([4]) To be reduced to 100 μV/M after 31 December, 1962, subject to review.

([5]) To be reduced to 300 μV/M after 31 December, 1962, subject to review.

([6]) The measuring distance shall be the horizontal distance along the ground from the wall of the building that is nearest to the apparatus. The measuring aerial height shall be two metres.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



TABEL I.(2)

| 1. Klas uitrusting. | 2. Frekwensiegebied. | 3. Ruisspanning by eindpunte. | 4. Steuringseinspanning by kragеindpunte. | 5. Steuringseinspanning by lugdraadeindpunte. | 6. Uitgestraalde steurveld op „ d "-meter. | 7. Meetafstand „ d "-meter. | 8. Meetmetode. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) (i) | 150–30,000 khz | 1,500 $\mu$V | — | — | 100 $\mu$V/M | 10 | B.S.S. 800/1954. |
| | | 500 $\mu$V | — | — | 50 $\mu$V/M | 10 | |
| (ii) | Nie gespesifiseer nie. | | | | | | |
| (iii) | Nie gespesifiseer nie. | | | | | | |
| (b) | 150–30,000 khz | — | — | — | 100 $\mu$V/M | 10 | B.S.S. 800/1954. |
| | 30–300 mhz | — | — | — | 50 $\mu$V/M | 10 | |
| (c) | 150–30,000 khz | — | — | — | 100 $\mu$V/M | 10 | B.S.S. 833/1953. |
| | 30–300 mhz | — | — | — | 50 $\mu$V/M | 10 | |
| (d) (i) | 13·56 mhz ±0·05%<br>27·12 mhz ±0·6%<br>40·68 mhz ±0·05% | Uitstaling van Industriële, Wetenskaplike en Geneeskundige apparaat in hierdie bande is nie aan beheer onderworpe nie. | | | | | |
| (ii) | Bofrekwensies van bogemelde I.W.G. frekwensies | — | — | — | 225 $\mu$V/M | 100 | Kyk nota (6) |
| (iii) | Alle frekwensies behalwe in (d) (i) en (d) (ii)— | | | | | | |
| | 150–1,605 khz | — | — | — | 90 $\mu$V/M | 100 | Kyk nota (6) |
| | 1,605–30,000 khz | — | — | — | 45 $\mu$V/M | 100 | |
| | 30–300 mhz | — | — | — | 45 $\mu$V/M | 100 | |
| (e) (i) | 75–108 mhz | — | — | — | (3) 3,000 $\mu$V/M | 3 | S.A.B.S. 078/1961. |
| | 108–132 mhz | — | — | — | (4) 600 $\mu$V/M | 3 | |
| | 132–300 mhz | — | — | — | (5) 600 $\mu$V/M | 3 | |
| (ii) | 150–1,605 khz | — | 1,500 $\mu$V | 30 mV | — | — | S.A.B.S. 078/1961. |
| | 1,605–30,000 khz | — | 1,500 $\mu$V | 300 mV | — | — | |
| | 30–108 mhz | — | — | — | 300 $\mu$V/M | 3 | |
| | 108–132 mhz | — | — | — | 100 $\mu$V/M | 3 | |
| | 132–300 mhz | — | — | — | 300 $\mu$V/M | 3 | |
| (f) (i) | 150–1,605 khz | — | — | — | 100 $\mu$V/M | 10 | B.S.S. 827/1939. |
| (ii) | Nie gespesifiseer nie. | | | | | | |
| (g) (i) | 150–30,000 khz | — | — | — | 200 $\mu$V/M | Onder roete | — |
| | 30–300 mhz | — | — | — | 100 $\mu$V/M | — | |
| (ii) | Nie gespesifiseer nie. | | | | | | |
| (iii) | Nie gespesifiseer nie. | | | | | | |

NOTAS.

(1) Sleutel tot afkortings:—

C.I.S.P.R. is die afkorting vir „ International Special Committee on Radio Interference ". Die C.I.S.P.R. funksioneer binne die raamwerk van die „ International Electrotechnical Commission (I.E.C.)

B.S.S. „ British Standard Specifications ".

S.A.B.S.—Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde.

(2) Dit is die voorneme om hierdie tabel van tyd tot tyd te wysig om, waar moontlik, aan internasionaal erkende grense te voldoen.

(3) Sal na 31 Desember 1962, onderworpe aan hersiening, tot 1000 $\mu$V/M verminder word.

(4) Sal na 31 Desember 1962, onderworpe aan hersiening, tot 100 $\mu$V/M verminder word.

(5) Sal na 31 Desember 1962, onderworpe aan hersiening, tot 300 $\mu$V/M verminder word.

(6) Die meetafstand is die horisontale afstand langs die grond van die muur af van die gebou wat die naaste aan die apparaat is. Die meetlugdraad se hoogte moet twee meter wees.

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 656.] [27 April 1962.

### ADMISSION OF ADVOCATES.—SYLLABUS FOR EXAMINATION.

The Chief Justice has, in terms of the rules of court prescribed under section *two* of the Admission of Advocates Act, 1921 (Act No. 19 of 1921), and promulgated under Government Notice No. R. 588 of the 29th April, 1960, settled the undermentioned syllabus for the examination in Roman-Dutch Law and the Statute Law of the Republic required to be passed in terms of the said section: —

SYLLABUS.

1. *Roman-Dutch Law.*

The Private Law of the Republic of South Africa on the basis of current handbooks, the writings of the old Roman-Dutch jurists, legislation and the decisions of the Supreme Court. Candidates are expected to have a thorough knowledge equal to that generally required of LL.B. students.

There are three papers of three hours each, viz.—

*Paper* 1.

Historical background of the present Roman-Dutch Law; the Law of Persons and Family Law.

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 656.] [27 April 1962.

### TOELATING VAN ADVOKATE.—LEERPLAN VIR EKSAMEN.

Onderstaande leerplan vir die eksamen in Romeins-Hollandse Reg en die Wettereg van die Republiek wat ingevolge artikel *twee* van die Toelating van Advokaten Wet, 1921 (Wet No. 19 van 1921, afgelê moet word, is deur die Hoofregter ingevolge die reëls van die hof kragtens genoemde artikel voorgeskryf en by Goewermentskennisgewing No. R. 588 van 29 April 1960 afgekondig, bepaal: —

LEERPLAN.

1. *Romeins-Hollandse Reg.*

Die Privaatreg van die Republiek van Suid-Afrika, aan die hand van gangbare handboeke, die geskrifte van die ou Romeins-Hollandsregtelike skrywers, die wetgewing en die regspraak. Van kandidate word 'n deeglike kennis verwag gelykstaande met dié wat in die algemeen van LL.B.-studente verwag word.

Daar is drie vraestelle van drie uur elk, naamlik: —

*Vraestel* 1.

Geskiedkundige agtergrond van die huidige Romeins-Hollandse Reg; Persone- en Familiereg.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Paper* 2.

The Law of Things and the Law of Succession.

*Paper* 3.

The Law of Obligations, including the Law of Contract, Special Contracts and Delicts.

2. *Statute Law.*

There are two papers of three hours each, viz.—

*Paper* 1.

The Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961);
The State Liability Act, 1957 (Act No. 20 of 1957);
The Administration of Estates Act, 1913 (Act No. 24 of 1913); and
The Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936).

*Paper* 2.

The Interpretation Act, 1957 (Act No. 33 of 1957);
The Vexatious Proceedings Act, 1956 (Act No. 3 of 1956);
The Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959);
The Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944); and
The Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955).

The syllabus in Statute Law includes all amendments to and substitutions of the said statutes which have been promulgated at least six months prior to the date of the examination.

Candidates are expected to know the application and interpretation of the relative statutes as expounded in the decisions of the Supreme Court.

*Vraestel* 2.

Sakereg en Erfreg.

*Vraestel* 3.

Verbintenisreg, waaronder die Kontraktereg, Spesiale Kontrakte en Delikte.

2. *Wettereg.*

Daar is twee vraestelle van drie uur elk, naamlik: —

*Vraestel* 1.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961);
Die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet No. 20 van 1957);
Die Boedelwet, 1913 (Wet No. 24 van 1913); en
Die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936).

*Vraestel* 2.

Die Interpretasiewet, 1957 (Wet No. 33 van 1957);
Die Wet op Kwelsugtige Gedinge, 1956 (Wet No. 3 van 1956);
Die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959);
Die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944); en
Die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955).

Die leerplan vir Wettereg sluit in alle wysigings en vervangings van genoemde wette wat minstens ses maande voor die eksamen afgekondig is.

Van kandidate word verwag om die toepassing en uitleg van die betrokke wette, soos dit in die regspraak voorkom, te ken.

## CONTENTS.


| No. | | Page |
|---|---|---|
| | **PROCLAMATION.** | |
| R. 90. | Amendment to the Second Schedule of the Workmen's Compensation Act, 1941, as Amended | 1 |
| | **Department of Customs and Excise.** | |
| | GOVERNMENT NOTICES. | |
| R. 616. | Customs Act, 1955: Admission of Certain Articles at Reduced Rates of Duty (RD/1) | 2 |
| R. 617. | Customs Act, 1955: Amendment of the Regulations (No. MR/3) | 2 |
| | **Department of Agricultural Economics and Marketing.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R. 655. | Regulations Relating to the Grading, Packing and Marking of Onions: Correction | 2 |
| | **Department of Posts and Telegraphs.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R. 654. | Limits of Interference to Radio Communication | 3 |
| | **Department of Justice.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R. 656. | Admission of Advocates: Syllabus for Examination | 5 |


## INHOUD.


| No. | | Bladsy |
|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE.** | |
| R. 90. | Wysiging van die Tweede Bylae van die Ongevallewet, 1941, soos Gewysig | 1 |
| | **Departement van Doeane en Aksyns.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWINGS. | |
| R. 616. | Doeanewet, 1955: Toelating van Sekere Goedere Teen Verlaagde Reg (RD/1) | 2 |
| R. 617. | Doeanewet, 1955: Wysiging van die Regulasies (No. MR/3) | 2 |
| | **Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R. 655. | Regulasies met Betrekking tot Gradering, Verpakking en Merk van Uie: Verbetering | 2 |
| | **Departement van Pos-en-telegraafwese.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R. 654. | Radiokommunikasiesteuringsgrense | 3 |
| | **Departement van Justisie.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R. 656. | Toelating van Advokate: Leerplan vir Eksamen | 5 |


**Buy National Savings Certificates**

**Koop Nasionale Spaarsertifikate**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998




# Publications

issued by the GOVERNMENT PRINTER deal with various subjects of great interest to Businessmen, Industrialists, Farmers, Attorneys, Teachers and the Public in General

*These publications include the following:—*

★ Official Year Book of South Africa
★ Mineral Resources of South Africa
★ Die Afrikaanse Woordeboek
★ Flowering Plants of Africa
★ Archives Year Book for South African History
★ Commerce and Industry *(Monthly)*

*Also*

Geological Publications
Acts and Regulations
Maps
Statistical Reports
Wage Determinations
Reports of Select Committees
Departmental Reports *(Annual)*
Commission Reports, etc.

Further particulars regarding these publications and prices are obtainable from the GOVERNMENT PRINTER, Pretoria or Cape Town

# Publikasies

wat deur die STAATSDRUKKER uitgegee word, handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe wat vir Boere, Prokureurs, Onderwysers, Besigheidsmense, Nyweraars en die Algemene Publiek van groot belang is

*Hierdie publikasies sluit die volgende in:—*

★ Offisiële Jaarboek van Suid-Afrika
★ Delfstowwe van Suid-Afrika
★ Die Afrikaanse Woordeboek
★ Blomplante van Afrika
★ Argiefjaarboek van Suid-Afrikaanse Geskiedenis
★ Handel en Nywerheid *(Maandeliks)*

*Asook*

Geologiese Publikasies
Wette en Regulasies
Landkaarte
Statistiese Verslae
Loonvasstellings
Gekose Komitee Verslae
Departementele Verslae *(Jaarliks)*
Kommissie Verslae, ens.

Verdere besonderhede en pryse aangaande hierdie publikasies is verkrygbaar van die STAATSDRUKKER, Pretoria of Kaapstad

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998




# IT PAYS YOU WELL TO SAVE!

## SAVE

- ★ FOR YOUR FAMILY'S FUTURE!
- ★ FOR YOUR OWN HOME!
- ★ FOR YOUR RETIREMENT!
- ★ FOR ALL EMERGENCIES!

### POST OFFICE SAVINGS BANK

The Post Office Savings Bank earns 3% interest on the monthly balance, of which interest up to R100 per annum is *Free of Income Tax.*

The first deposit need to be no more than 10c. Such an account is very handy in times of emergency or when on holiday, as deposits or withdrawals can be made at any Post Office in the Republic.

Not more than R4,000 may be deposited by one person during a financial year.

# DIT BETAAL U OM TE SPAAR!

## SPAAR

- ★ VIR U FAMILIE SE TOEKOMS!
- ★ VIR U EIE HUIS!
- ★ VIR U AFTREDE!
- ★ VIR ALLE GEVALLE VAN NOOD!

### POSSPAARBANK

Die Posspaarbank verdien 3% rente op die maandelikse balans, waarvan tot R100 per jaar van die rente van *Inkomstebelasting Vrygestel* is.

Die eerste belegging hoef nie meer as 10c te wees nie. So 'n rekening is baie handig in tye van nood of wanneer met vakansie, omdat stortings en terugvorderings by enige Poskantoor in die Republiek gedoen kan word.

Nie meer as R4,000 mag gedurende 'n boekjaar deur een persoon ingelê word nie.


The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.